Waldo en die weerwolf met die rooi tekkies (Jaco Jacobs)

Studiegids saamgestel deur Heléne de Clercq

VOORBLAD:

Kyk na die voorblad van die boek en beantwoord die volgende vrae:

1. Wat is die titel van die boek?
2. Wie is die skrywer?
3. Wie het die illustrasies gedoen?
4. Maak die voorblad jou nuuskierig oor die storie? Motiveer.
5. Soeklees binne-in of agterop wie die uitgewers van hierdie boek is.

HOOFSTUK 1 (BL. 5-12)

Gapende kraaie en 'n groen seekoei

WOORDESKAT

Soek die betekenisse van die volgende woorde op in 'n HAT of op jou VivA-app:

- paneelwa
- eensklaps
- loodgieter
- grinnik
- pamflet

OPSOMMING

'n Paar van Waldo Loots se maats dink dat sy ma, Linda, die coolste ma ooit is omdat sy 'n loodgieter is wat in 'n roomyskarretjie (met prente van toilette daarop) rondry. Ander terg hom daaroor. Connie, Waldo se beste vriendin, is in 'n rolstoel. Chandrelize is haar oppasser, maar sy is altyd laat en raak sommer enige plek aan die slaap. Net voordat hulle huis toe ry na skool, druk 'n blonde meisie met lang vlegsels pamflette in hul hande. Haar hond, Rambo, het weggeraak.

Skielik begin Waldo snaaks voel en kry prentjies in sy kop van 'n pizzarestaurant en 'n groen seekoei. Maar gou-gou is dit oor. Hy vermoed dat hy sonsteek het.

A. BEGRIPSVRAE

1. Wie is die hoofkarakter? Kan jy sy naam en van korrek oorskryf in jou boek?
2. Waarom is sy vriendin, Connie, anders as sy ander vriende?
3. Beskryf sy ma se paneelwa in drie volsinne.
4. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Korrigeer die stelling indien jou antwoord ONWAAR is.
   Waldo se hond se naam is Rambo.
5. Wie is Chandrelize?

B. LETTERKUNDIGE VRAE

1. Waarom is dit ironies dat 'n loodgieter lipstiffie dra?
2. Pas die idioom/spreekwoord in KOLOM A by die korrekte betekenis in KOLOM B.

KOLOM A	**KOLOM B**	
1. Die kraaie gaap.	A. 'n bietjie slaap	1. _____
2. pens en pootjies	B. Dis baie warm.	2. _____
3. uiltjie knip	C. heeltemal	3. _____

3. Kies die regte antwoord.
   "Connie se ouers is altyd besig, besig, besig," is 'n voorbeeld van:
   a) assonansie
   b) herhaling
   c) 'n metafoor

4. Kies die regte antwoord.
   "*Loots Loodgieters – Die Loodgieter met Lipstiffie,"* is 'n voorbeeld van:
   a) alliterasie
   b) 'n metafoor
   c) klanknabootsing/onomatopee

5. Kies die regte antwoord.
   "Ek weet ek het dit al duisend keer gesê ..." is 'n voorbeeld van:
   a) hiperbool
   b) eufemisme
   c) personifikasie

C. TAALKUNDIGE VRAE

1. Kies die regte antwoord.
   Somersmiddag is 'n:
   - samestelling
   - afleiding
   - samestellende afleiding

2. Kyk na die pamflet op bladsy 10 en kies die korrekte antwoorde tussen hakies:
   a) Die verkleinwoord vir beloning is (beloningetjie/beloonintjie/beloninkie).
   b) Schrikstraat is 'n voorbeeld van 'n (voegwoord / eienaam / abstrakte s.nw.).
   c) 'n Sinoniem vir dalk is (definitief/miskien/iewers).
   d) Verdeel asseblief in lettergrepe: (as-se-blief / a-se-blief / asse-blief).
   e) Verdeel asseblief in klankgrepe: (as-se-blief / a-se-blief / asse-blief).

3. Benoem die skryftekens in die volgende woorde:
   a) oë
   b) sê

4. Benoem die leestekens in die volgende sinne:
   a) Haai Connie**!**
   b) Uhm **...** ek dink ek moet uit die son uit.
   c) Is als reg**?**

5. Soek die antwoord op bladsy 9.
   Wat noem ons iemand wat:
   a) ander mense bedien in 'n restaurant?
   b) velbehandelings, pedikure en manikure doen?

D. VIR DIE PRET

Ontwerp 'n pamflet

Waldo is 'n bietjie skaam vir sy ma se paneelwa. Ontwerp 'n kleurvolle pamflet waarin hy Linda se paneelwa te koop aanbied. Gee 'n goeie beskrywing van die paneelwa se voorkoms, toestand en prys, asook kontakbesonderhede waar hy bereik kan word. Die pamflet moet ook van 'n illustrasie voorsien word.

KRITERIA: PAMFLET	**/10**
Beskrywing	/2
Prys	/1
Toestand	/1
Kontakbesonderhede	/1
Kleurvolle illustrasie en kreatiwiteit	/2
Spel en taalgebruik	/3

HOOFSTUK 2 (BL. 13-19)

'n Bol hare

WOORDESKAT

Leer die korrekte spelling van die volgende woorde:

- spieël
- lugverkoeling
- koeksisters
- skaduwee
- skroewedraaiers
- tuinpaadjie
- kliënte
- lipstiffie
- middagslapie

OPSOMMING

Waldo se ma moet ’n ou tannie, Brunhilde Vosloo, se verstopte drein herstel. Omdat dit te warm is in die paneelwa om huiswerk te doen, gaan help Waldo haar. Spanner gaan ook saam. Mevrou Vosloo het ’n grys streep in haar hare en sy kry verskriklik warm ten spyte van die feit dat dit yskoud is in die huis.

Terwyl hulle buite met die dreinpyp besig is, grom Spanner vir ’n seun wat op die bankie sit. Sy naam is Lukas en hy grom vir Spanner terug totdat Spanner tjank.

Linda kry die probleem – ’n groot bol hare in die dreinpyp. Sy rits dit in ’n groen plastieksak toe.

A. BEGRIPSVRAE

1. Watse tipe honderas (*breed*) is Spanner?
2. Beskryf Waldo se hare.
3. Is dit Linda se eerste besoek aan mevrou Vosloo? Staaf jou antwoord met ’n aanhaling. (bl. 16)
4. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Korrigeer die stelling indien jou antwoord ONWAAR is.
   Mevrou Vosloo woon naby Waldo. (bl. 14)
5. Kan jy ’n voorspelling maak of raai waarom mevrou Vosloo so warm kry in ’n yskoue huis?

B. LETTERKUNDIGE VRAE

1. *So koud soos ’n yskas.*
   Benoem die beeldspraak.
2. Gee een woord vir:
   - In die oggend (bl. 17)
   - In die dag (bl. 14)
3. Kies die regte antwoord.
   Dieng-dong! is ’n voorbeeld van:
   a) herhaling
   b) onomatopee/klanknabootsing
   c) ’n metafoor
4. Waarom is dit ironies dat Lukas ’n swart sweetpaktop met ’n kappie dra?
5. Kies die regte antwoord.
   <u>S</u>wart en <u>s</u>lymerig is ’n voorbeeld van:
   a) alliterasie
   b) assonansie
   c) ’n metafoor

C. TAALKUNDIGE VRAE

1. Soeklees op bl. 14 die Afrikaanse woord vir *Spanner*.
2. Gee ’n versamelnaam vir:
   - skroewedraaiers, moersleutels, tange en boorpunte
   - ’n klomp woonstelle bymekaar
   - ’n klomp hare (daar is 4 voorbeelde in die hoofstuk)
3. Skryf die sin in die direkte rede:
   Linda sê dat dit nie lank behoort te vat nie.
4. Wat is die verkleinwoord van paneelwa?
5. Benoem die onderstreepte woord se woordsoort:
   Voor die stoel staan drie waaiers.

D. VIR DIE PRET

Teken vir Lukas in die parkie volgens die beskrywing wat hulle op bladsy 18 gee.

HOOFSTUK 3 (BL. 20-26)

Papiervliegtuigies

WOORDESKAT
Verdeel die volgende woorde eers in lettergrepe en dan in klankgrepe.

	LETTERGREPE (HT en EAT)	**KLANKGREPE** (slegs HT)
middag	mid-dag	mi-dag
papiervliegtuigie		
laatmiddagbriesie		
konsentrasie		
gunstelingplekke		
gebarste		
hommeltuig		
gegraveer		
aansteekbord		
asseblief		

OPSOMMING

Waldo sit op die woonstelblok waar hulle woon (Kruwelhof) se dak. Hy vou papiervliegtuigies. Hy verbeel hom dat die vliegtuigies hom na sy pa toe sal neem. Toe hy ’n baba was, het sy pa spoorloos verdwyn.

Connie kom in haar rystoel uit die hysbak uit met ’n hommeltuig (*drone*) op haar skoot. Sy dink papiervliegtuigies is outyds. Chandrelize het weer aan die slaap geraak terwyl sy vir Connie moes oppas.

Sy wys vir Waldo ’n foto van nog ’n vermiste troeteldier – Kaspaas, tannie Martie se kat. Sy woon langs Waldo-hulle.

Waldo gaan stap met Spanner in die park terwyl Connie haar hommeltuig met haar selfoon beheer.

A. BEGRIPSVRAE

1. Verduidelik in jou eie woorde wie of wat Kruwelhof is.
2. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord met ’n aanhaling.
   Connie hou niks van moderne tegnologie nie. (bl. 24)
3. Beskryf waar Waldo se pa is.
4. Skryf twee ooreenkomste en twee verskille tussen papiervliegtuie en hommeltuie in tabelvorm.
5. Wat bied tannie Martie as beloning aan vir die persoon wat haar kat vind?

B. LETTERKUNDIGE VRAE

1. Word die volgende sin letterlik (denotatief) of figuurlik (konnotatief) gebruik? Motiveer.
   Elke foto van sy pa is in Waldo se brein gegraveer ...
2. Beskryf Waldo se pa se voorkoms. Hoe stem dit ooreen met Waldo s’n?
3. Watter twee stylfigure kom in die volgende sin voor?
   Connie se hommeltuig begin <u>zrrr</u> <u>soos ’n kwaai perdeby</u>.
4. Wat beteken die onderstreepte gedeelte in die volgende sin?
   As Spanner moet wegraak, sal hy wat Waldo is <u>nie ’n oog toemaak nie</u>!
5. Watter sintuig word hoofsaaklik ingespan in die volgende sin op bladsy 22?
   Connie se rolstoel kom met ’n elektroniese wirrr-geluid aangery terwyl die hysbak se deur met ’n gerammel agter haar toegaan.

C. TAALKUNDIGE VRAE

1. Soek die meervoud van die volgende woorde in Hoofstuk 3:
   - foto
   - gunstelingplek
   - maand
   - kennisgewing
   - vliegtuig

2. Soek die verkleining van die volgende woorde in Hoofstuk 3:
    - papiervliegtuig
    - papiervliegtuie
    - muur
    - bries
    - notapapiere
3. Skryf die volgende sin in die lydende vorm:
   Waldo het ’n papiervliegtuigie gevou.
4. Skryf die volgende sin in die *ontkennende vorm*:
   Hulle sien tannie Martie se kat êrens.

D. VIR DIE PRET

Instruksies

Skryf instruksies om jou eie papiervliegtuigie te vou in sewe volsinne neer.

- Nommer die sinne (1-7).
- Jy mag slegs 70 woorde gebruik.
- Onthou die opskrif.
- Skryf die aantal woorde wat jy gebruik het onderaan jou instruksies.
- Googleloer gerus voordat jy begin.

Na die aktiwiteit kan julle toets wie se vliegtuigie die verste kan vlieg.

KRITERIA: INSTRUKSIES	**/10**
Aantal woorde (67-73 is aanvaarbaar)	/2
Aantal sinne	/1
Sinskonstruksie	/2
Spelling	/2
Leestekengebruik	/2
Kan die vliegtuig sweef? (bonuspunt vir die klaswenner)	/1

HOOFSTUK 4 (BL. 27-32)

Rooi tekkies

WOORDESKAT
Rangskik die volgende woorde in alfabetiese volgorde:

- gelukkig
- gang
- gesien
- geraak
- geruk
- genoeg

OPSOMMING

Lees Hoofstuk 4 HARDOP IN DIE KLAS deur van die volgende tegnieke gebruik te maak:

- Lees beurtelings, of
- lees met fluisterfone, of
- lees twee-twee vir mekaar, of
- lees vir ’n leerder van die jonger grade voor.

Maak nou self ’n opsomming van Hoofstuk 4 in ses sinne.

VIR DIE PRET
Som Hoofstuk 4 op in SES VOLSINNE in paragraafvorm. Onthou die opskrif. Jy mag nie meer as 60 woorde gebruik nie. Gebruik jou eie woorde en skryf jou die aantal woorde onderaan sodra jy klaar is. Merk jou maat s’n volgens die volgende kriteria.

KRITERIA: OPSOMMING	**/10**
Aantal woorde (57-63 is aanvaarbaar). Onderaan geskryf.	/2
Aantal sinne	/1
Sinskonstruksie	/2
Spelling	/2
Leestekengebruik	/2
Paragraafvorm	/1

Leerders verdeel in drie groepe. Elke groep moet oor een van die volgende afdelings vyf vrae met antwoorde opstel. Klasonderwyser wys ’n spreker en skrywer per groep aan. Hou nou ’n mondelinge klaskompetisie tussen die groepe terwyl die onderwyser telling hou.

GROEP A
5 begripsvrae met antwoorde – HOOFSTUK 4 (BL. 27-32)

GROEP B
5 letterkundige vrae met antwoorde – HOOFSTUK 4 (BL. 27-32)

GROEP C
5 taalkundige vrae met antwoorde – HOOFSTUK 4 (BL. 27-32)

HOOFSTUK 5 (BL. 33-44)

Nagfoto's

WOORDESKAT

Leer die korrekte spelling van die volgende woorde:

- boepensmaan
- toegangskode
- Vrydagaand
- toebroodjie
- kamera
- vasbeslote
- drawwer
- verduidelik
- warm
- grillerig

OPSOMMING

Dis Vrydagaand. Waldo en Connie is besig om die hommeltuig se nuwe nagkamera uit te toets van Kruwelhof se dak af. Hulle is vasbeslote om die troeteldierdief te vang.

Al wat hulle sien is 'n gevlekte kat. Net voordat die battery pap raak en Waldo aan die slaap raak, flits iets verdags oor die skerm. Connie neem 'n foto, maar die ding het reeds verdwyn. En toe kom die tjankgeluid in die verte wat hulle hoendervleis gee.

A. BEGRIPSVRAE

1. Wat beteken “Mawagaôsdoeasôsôky?” op bl. 36, en hoekom praat Waldo so ’n vreemde taal?
2. Noem drie troeteldiere wat tot nou toe vermis geraak het.
3. Noem vier goed wat Waldo saamgeneem het vir die nag (Spanner uitgesluit).
4. Sou jy sê dat Connie hardkoppig en vasberade is? Staaf jou antwoord met ’n aanhaling. (bl. 38)
5. Voorspel wat jy dink op die selfoonskerm verbygeflits het aan die einde van Hoofstuk 5.

B. LETTERKUNDIGE VRAE

1. Bespreek die tyd en die ruimte waarin hierdie hoofstuk afspeel.
2. Sou jy sê dat die woord “kattemaai” op bladsy 36 ’n slim woordkeuse is? Motiveer.
3. *My ooglede voel nou al soos skuurpapier.*
   Benoem die beeldspraak.
4. Kies die regte antwoord.
   Op bl. 43 sê Waldo: “Ai, dis nou jammer,” maar hy bedoel dit nie regtig nie. Ons noem dit:
   a) metafoor
   b) sarkasme
   c) personifikasie
5. Kies die regte antwoord.
   Die hommeltuig <u>zoem</u>, is ’n voorbeeld van:
   a) ’n metafoor
   b) sarkasme
   c) personifikasie

C. TAALKUNDIGE VRAE

1. Wat is die intensiewe vorm van <u>wit</u> volgens bl. 33?
2. Wat is die verledetydsvorm van <u>installeer</u>? (bl. 37)
3. *Die tyd van die aand is alles verlate.*
   Gee die oortreffende trap van <u>verlate</u>.
4. Rangskik die volgende sin se woorde sodat die woordorde korrek is:
   Waldo en Connie het <u>deeglik</u> <u>op die woonstel se dak</u> die nuwe nagkamera uitgetoets <u>Vrydagaand.</u>
5. Gee een woord vir:
   - Spanner se <u>neus</u>
   - honderd jaar

D. VIR DIE PRET

Dagboekinskrywing

Vrydag, 4 Maart 2021
Liewe Dagboek
Vandag was …

Wat dink jy het Connie Vrydagaand in haar dagboek gaan skryf nadat hulle op die dak was? Maak asof jy Connie is. Skryf in die dagboek in die eerste persoon en in die verlede tyd terwyl jy vertel wat alles op daardie dag met haar gebeur het.
Jou dagboekinskrywing moet ____ woorde lank wees.

KRITERIA: DAGBOEKINSKRYWING	**/10**
Formaat	/1
Eerste persoon	/1
Verlede tyd	/1
Aantal woorde	/1
Sinskonstruksie	/2
Spelling	/2
Leestekengebruik	/2

HOOFSTUK 6 (BL. 45-53)

Die ratjies in Waldo se brein

WOORDESKAT

Soek die betekenis van die volgende woorde op in ’n HAT of op jou VivA-app:

- rat (ratte/ratjies)
- afvalgoed
- yssplinters
- leiband
- befoeterd
- vullishok

OPSOMMING

Elke Saterdagoggend help Waldo sy ma om die paneelwa te was. Net voor middagete nooi Connie hom om saam met haar dam toe te gaan om die eende te voer. Maar hy weet sy wil eintlik oor gisteraand se gebeure praat.

Op pad daarheen wys sy vir hom die foto wat sy gisteraand geneem het. Sy glo dis ’n weerwolf (mense wat tydens volmaan in wolwe verander), maar Waldo wil dit nie glo nie. Die stert en die rooi tekkies oortuig hom uiteindelik.

Hulle stap in die parkie rond om te soek vir leidrade toe Spanner vassteek by ’n struik. Hy grom vir ’n groot klos wortelrooi hare wat in die takke hang. Waldo se kop begin draai en hy kry weer terugflitse oor die hare in die dreinpyp by mevrou Vosloo. Hulle jaag resies terug woonstel toe.

A. BEGRIPSVRAE

1. Hoekom het Connie laat geslaap?
2. Wou Connie regtig die eende gaan voer? Motiveer jou antwoord.
3. Hoekom het Waldo geweet Connie praat nonsens toe sy sê dat sy bang is dat die rolstoel in die modder gaan vassit? Staaf jou antwoord met ’n aanhaling. (bl. 47)
4. Waarom kon hulle nie die weerwolf se tekkiespore volg in die parkie nie?
5. Hoe weet Connie dat die stert op die foto nie net ’n skaduwee is nie?

B. LETTERKUNDIGE VRAE

1. *Die yssplinters skiet deur my hart.*
   Word die sin (bl. 46) letterlik (denotatief) of figuurlik (konnotatief) gebruik?
2. Waarmee vergelyk Waldo die foto wat Connie geneem het?

3. *As die troeteldierdief regtig ’n weerwolf is, gaan hy nie diere steel om ’n troeteldierwinkel oop te maak nie.*
   Kies die korrekte vorm van beeldspraak:
   a) hiperbool
   b) eufemisme
   c) personifikasie
4. Wat beteken dit om stert tussen die bene te vlug? (bl. 49)
5. *Dit voel nogal simpel om oor weerwolwe te praat terwyl die son helder skyn en almal doodgewone dinge doen.*
   Hoe gebruik die skrywer kontras bo-aan bladsy 51?

C. TAALKUNDIGE VRAE

1. Eend + dam = eendedam. Ons noem dit ’n samestelling. Wat word die e tussen eend en dam genoem?
2. Benoem die woordsoorte van die onderstreepte woorde:
   Haar rolstoel begin dreun soos ’n swerm kwaai perdebye.
3. Benoem die skryfteken op die a: “Elke Saterdag ná ontbyt ...”
4. Skryf die sin in die indirekte rede:
   Linda het gevra: “Connie, het jy vanoggend ’n bietjie laat geslaap?”
5. Benoem die sinsoort:
   Gaan voer die eende saam met Connie.

D. VIR DIE PRET

Feite oor weerwolwe
Doen navorsing op die internet oor weerwolwe. Soek drie interessante feite en skryf dit puntsgewys in volsinne in jou boek.

HOOFSTUK 7-8 (BL. 54-66)

Babadoeke, vrot vis en slymerige skille; Vlymskerp slagtande

WOORDESKAT
Leer die korrekte spelling van die volgende woorde:

parkeerterrein	herwinning
rubberhandskoene	onthou
verjaardagkaartjies	slykwater
restaurant	telefoonnommer
naamplaatjie	beëindig

OPSOMMING

Waldo, Connie en Spanner gaan snuffel rond in die woonstelblok se vullishok op soek na die hare wat sy ma in die dreinpyp gekry het. Dit stink vreeslik, maar uiteindelik kry hulle dit. Waldo spoel dit onder ’n kraan af. Nadat die swart slyk afgespoel is, is die bol hare bloedrooi – nes die hare wat hulle in die bos gekry het.

Linda weier dat die kinders oor ’n naweek vir mevrou Vosloo pla. Waldo kry weer ’n gedagteflits van Spanner wat in gevaar is. Connie google oor wat ’n groen seekoei en ’n pizzarestaurant in gemeen het en kom op die logo af van The Hungry Hippo-restaurant. Na een telefoonoproep bevestig hulle dat Rambo wel by hierdie restaurant is, soos in Waldo se gedagteflits.

Waldo besef dat die ligflitse wat hy sien regtig gebeur en dat Spanner in groot gevaar is. Hy oorreed uiteindelik sy ma dat hulle na mevrou Vosloo toe kan gaan. Connie maak ’n video-oproep na haar ma (wat nie regtig luister nie) om te sê waarheen hulle gaan.

A. BEGRIPSVRAE

1. Teken tien items wat Waldo en Connie in die vullishok gesien het. Nommer en etiketteer elkeen.
2. Watter beroep, volgens Connie, moet Waldo eendag volg?
3. Wat het ’n pizza en ’n groen seekoei met mekaar te doen?
4. Waarom was dit vir die restaurant moeilik om Rambo se eienaar op te spoor?
5. Lys een verskil en een ooreenkoms tussen Connie se ma en Waldo se ma in tabelvorm.

B. LETTERKUNDIGE VRAE

1. “Jammer Sherlock ...” (bl. 58) is ’n voorbeeld van naamverwisseling (antonomasia). Wat insinueer Connie deur vir Waldo Sherlock te noem?
2. Kies die regte antwoord.
   Vrot vis en vuil babadoeke is ’n voorbeeld van:
   a) assonansie
   b) alliterasie
   c) personifikasie
3. *Ekstragroot pizzas vir ’n ekstragroot aptyt – teen ’n ekstraklein prys.* (bl. 63)
   Hoe en hoekom maak die skrywer hier van herhaling gebruik?
4. *Waldo Loots, selfs my ouma weet hoe om Google te gebruik ...* (bl. 61)
   Connie vergelyk hier jonk en oud met mekaar. Waarom is hierdie kontras ironies?
5. Haal ’n sinsnede aan (bl. 64) waar Waldo besef dat hy werklik in die toekoms kan sien.

C. TAALKUNDIGE VRAE

1. Wat is die intensiewe vorm van die volgende woorde volgens bl. 60?
   - rooi
   - skerp
   - bleek
2. *Verbaas draai Spanner sy kop skeef.*
   Ontleed die hoofsin. (onderwerp, voorwerp, gesegde)
3. Benoem die woordsoort *Tadaaa*!
4. *Haar vingers flits oor die skerm.*
   Maak 'n sin met die homoniem van flits.
5. *Ma, ek moet met Lukas Vosloo praat!*
   Maak 'n sin met die homofoon van moet.

Homonieme word dieselfde gespel en uitgespreek, maar die betekenisse verskil.
Homofone is woorde wat eenders klink, maar die betekenis en spelling verskil.

D. VIR DIE PRET

Plakkaat

Maak 'n skets op 'n A4-plakkaat met byskrifte van tien items wat dié week in jou vullissak sou wees. Gebruik jou verbeelding.
Opskrif: *In my vullissak ...*

Mondeling

Kies die vyf belangrikste items in jou vullissak en vertel vir jou klasmaats waarom elke item in jou sak beland het. Maak voorstelle hoe jy in die toekoms kan herwin.
Jou mondeling moet _____ minute lank wees.

KRITERIA: PLAKKAAT EN MONDELING	**/15**
Plakkaat: • A4-grootte • Kleurvol en kreatief • Netheid • Byskrifte en spelling	 /1 /1 /1 /2
Mondeling • Hou by die onderwerp. (interessant) • Behou klasmaats se aandag. (selfvertroue) • Sterk inleiding en slot • Praat hoorbaar en duidelik • Oogkontak en gesigspel • Lengte. (hou by tyd) • Taalgebruik en korrekte uitspraak	 /1 /1 /2 /1 /1 /1 /1 /2

HOOFSTUK 9 (BL. 67-78)

Kitskos

WOORDESKAT

Verdeel die volgende woorde eers in lettergrepe en dan in klankgrepe.

	LETTERGREPE (HT en EAT)	**KLANKGREPE** (slegs HT)
buurtannie	buur-tan-nie	buur-ta-nie
opgewonde		
truspieëltjie		
ongeduldig		
teleurgestelde		
opgevoude		
tekkies		
brugaand		
webtuiste		
posseëls		

OPSOMMING

Waldo, Connie, Spanner en Linda is op pad na mevrou Vosloo se huis toe. Spanner en Linda wag in die paneelwa. Mevrou Vosloo kry vreeslik warm toe sy die deur vir hulle oopmaak. Waldo vra of hulle vir Lukas (haar kleinseun) kan sien, maar volgens haar kuier hy by Carlo Willemse (Lukas se beste vriend).

Waldo wil weet of Lukas dalk rooi tekkies het. Mevrou Vosloo wil net die deur toemaak omdat sy voel dat hulle haar tyd mors, toe Connie bevestig dat Carlo die naweek op 'n koorkamp is – volgens die skool se webtuiste.

Mevrou Vosloo vermoed daar is fout, want Lukas sing nie koor nie. Waar is hy dan? En net daar, voor die kinders, verander mevrou Vosloo in 'n weerwolf!

Sekondes later verander sy terug in 'n ou tannie en stop vir Waldo en Connie, wat wou weghardloop. Sy nooi hulle in.

A. BEGRIPSVRAE

1. Hoe weet mevrou Vosloo dat Waldo en Connie nie regtig Lukas se vriend is nie?
2. *'O,' sê Waldo skaapagtig.* (bl. 73)
   Kan jy skaapagtig vervang met 'n ander woord wat dieselfde idee oordra?
3. Kan jy aflei waaroor 'n filatelie-praatjie handel? (bl. 74)

4. Gebruik die inligting op bl. 75 en voltooi die volgende paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul.

Dik swart _____ kom uit Brunhilde Vosloo se _____ te voorskyn. Haar _____ begin buitentoe bult, asof iemand dit soos 'n _____ van binne af opblaas. Haar _____ oë kry 'n _____ skynsel. Weerskante van die grys streep in haar _____ kom twee spits _____ te voorskyn. En waar haar _____ boontoe krul, glim twee skerp _____.

5. Waarom dink jy is hierdie hoofstuk se opskrif "Kitskos"? (bl. 76 en 77)

B. LETTERKUNDIGE VRAE

1. *'Nee dankie,' grom sy.*
   Watter woord in hierdie sin kan miskien voorspel wat binnekort gaan gebeur?
2. Waarom is een hele paragraaf op bladsy 68 in skuinsdruk?
3. Progressie is ontwikkeling in die verloop van gebeure. (Dinge raak bv. erger of meer gespanne, ens.) Hoe span die skrywer progressie in bo-aan bladsy 71?
4. *Brunhilde Vosloo lyk 'n bietjie <u>uit die veld geslaan</u>.*
   Verduidelik die betekenis van die onderstreepte idioom.
5. *Hoe ... hoe weet jy dit?* (bl. 73)
   Verduidelik die funksie van die ellips.

C. TAALKUNDIGE VRAE

1. *Waldo huiwer.*
   Wat beteken die woord huiwer?
2. Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies:
   Sy lyk weer soos 'n ou tannie – 'n baie (moeg) ou tannie.
3. Waarom kry die volgende woorde koppeltekens?
   - ma-hulle
   - ja-ja
   - Waldo-burger
4. *Maar hulle glo <u>vas</u> Lukas slaap by Carlo oor.*
   Maak 'n sin met die homoniem van <u>vas.</u>
5. Kies die korrekte spelling van die volgende woorde:
   - op pad / oppad
   - gunsteling skoene / gunstelingskoene

D. VIR DIE PRET

Verdeel ’n A4-bladsy in twee. Aan die een kant teken jy vir mevrou Brunhilde Vosloo en aan die ander kant waar sy in ’n weerwolf verander het. Jou sketse moet elkeen ten minste vyf byskrifte hê.

HOOFSTUK 10 (BL. 79-85)

Kamp Volmaan

WOORDESKAT

Kyk na die onderstreepte deel in elke woord en plaas dan die woord in die regte kolom.

KLINKERS/VOKALE	LANG KLANKE	MEDEKLINKERS/KONSONANTE	DIFTONGE/TWEEKLANKE

1. d<u>oe</u>n
2. w<u>o</u>lf
3. t<u>ui</u>npaadjie
4. w<u>aai</u>ers
5. p<u>a</u>rk
6. ho<u>mm</u>eltuig
7. <u>v</u>erskyn
8. <u>ie</u>mand
9. l<u>y</u>k
10. <u>f</u>oto
11. norm<u>aa</u>lste
12. <u>vi</u>r

OPSOMMING

Ten spyte daarvan dat dit volmaan is, gaan Waldo en Connie sowaar in toe mevrou Vosloo hulle innooi. Waldo vertel vir haar hoekom hulle dink Lukas is ’n weerwolf. En mevrou Vosloo lyk nie eers verbaas toe Connie vir haar die foto wys nie. Sy lyk verlig.

Sy erken dat sy gedink het dat die stokou familiegeen (om in ’n weerwolf te kan verander) uitgesterf het. Sy weet nou dat alhoewel haar seun nie weerwolfgene het nie, haar kleinseun dit beslis geërf het. Hulle is afstammelinge van een van die wêreld se oudste weerwolffamilies.

Sy verseker hulle dat Lukas nie troeteldiere sal opvreet nie. Sy verduidelik ook dat as dit so warm is, weerwolwe al ’n paar dae voor volmaan begin verander. Dis dan ook waar die hare in die dreinpyp vandaan kom. Elke keer as Lukas begin verander (a.g.v. die hitte), spring hy onder die stort in om af te koel.

Mevrou Vosloo besef ook dat Waldo kan sien wat in die toekoms gaan gebeur toe hy sê dat Lukas vir Spanner gaan aanval. Sy sê sy het iemand geken wat dit ook kon sien – iemand wat nogal soos Waldo gelyk het.

Sy vertel vir die kinders dat hulle dringend vir Lukas by Kamp Volmaan moet gaan soek.

A. BEGRIPSVRAE

1. Noem vier redes waarom Waldo gedink het dat Lukas ’n weerwolf is. (bl. 80)
2. Verduidelik die oorsaak van die hare in die stort se dreinpyp.
3. Wat is mevrou Vosloo se seun se beroep?
4. *“Ek het iemand soos jy geken,” gaan mevrou Vosloo voort, “jare gelede ... Kan dit wees? Jy lyk ook ’n bietjie soos hy ...”* (Bl. 84)
   Na wie dink jy verwys mevrou Vosloo hier?
5. Wat is Kamp Volmaan? Verduidelik in een volsin.

B. LETTERKUNDIGE VRAE

1. Kies die regte antwoord.
   Waldo en Connie ervaar innerlike konflik toe mevrou Vosloo hulle innooi, want hulle is:
   a) kwaad, maar verlief
   b) bang, maar nuuskierig
   c) honger, maar versigtig
2. Kies die regte antwoord.
   “Sy glimlag soos iemand wat so pas fantastiese nuus gekry het ...” is ’n voorbeeld van:
   a) ’n metafoor
   b) personifikasie
   c) ’n vergelyking
3. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Korrigeer die stelling indien jou antwoord ONWAAR is.
   “Wie sou dit kon raai?” is ’n voorbeeld van ’n retoriese vraag.
4. Kies die regte antwoord.
   Uit wie se perspektief word hierdie verhaal vertel?
   a) eerstepersoonsvertelling (hoofkarakter se perspektief)
   b) alomteenwoordige derdepersoonsvertelling
5. Kies die regte antwoord.
   Die volgende karakter soek na sy/haar eie identiteit:
   a) tannie Martie
   b) Lukas
   c) Connie

C. TAALKUNDIGE VRAE

1. Wat is die antoniem van vuurwarm?
2. Vul die korrekte voorsetsels in:
   Elke keer as Lukas begin verander, spring hy _____ die stort _____ om af te koel.

3. Kies die regte antwoord.
   Die woord <u>weerwolffamilies</u> is ’n:
   a) samestelling
   b) afleiding
   c) samestellende afleiding
4. Benoem die twee skryftekens in die volgende sin:
   G’n respektabele weerwolf sal ooit seëls versamel vir ’n stokperdjie nie.
5. Benoem die woordsoorte van elke woord in die volgende sin:
   Waldo en Connie kyk vir mekaar.

D. VIR DIE PRET

Dialoog

Skryf ’n gesprek tussen Waldo en mevrou Vosloo in jou eie woorde. Elkeen moet sewe spreekbeurte kry. Laat spasies oop tussen spreekbeurte.
Onthou: Direkte woorde, maar GEEN aanhalingstekens nie!

KRITERIA: DIALOOG	**/10**
Formaat van dialoog	/2
Leestekengebruik	/2
Direkte woorde	/1
Elkeen kry sewe spreekbeurte	/1
Spelling	/1
Inhoud	/3

HOOFSTUK II (BL. 86-102)

’n Skedelbleek volmaan

WOORDESKAT

Skryf die volgende woorde oor in jou boek en maak sketse langsaan om te wys dat jy die betekenisse verstaan.

watergeweer	parkeerterrein	frons	horlosie	sportsak
monsteragtige figure	rolstoel	jellie	mielies	handdoek

OPSOMMING

Dis volmaan en byna donker. Linda is nie baie gemaklik daarmee om die twee kinders (sonder Spanner) alleen saam met mevrou Vosloo die donker parkie in te stuur nie. Sy gee hulle ’n uur. Hulle gaan vir Lukas soek.

Mevrou Vosloo ruik iets half bekends (nie Lukas nie) en storm rats die bosse in. Connie en Waldo bly alleen agter. Waldo is benoud en Connie is opgewonde.

Skielik kom die maan op. En voor die maan staan ’n huilende wolf met klosse rooibruin hare, ’n verflenterde broek en rooi tekkies – Lukas! Hulle probeer hom paai, maar hy bespring vir Waldo.

Die geluid van die roomyskarretjie (paneelwa) en iets wat op die weerwolf se rug te lande kom, kom tot hulle redding. Die iets is Spanner wat die wolf aanval. En toe raak Waldo se gedagteflits werklikheid. Die weerwolf byt vir Spanner.

Meteens hoor hulle ’n vreemde splorts-geluid. En sien vir mevrou Vosloo wat uit die bosse strompel met ’n yslike skietding. ’n Straal yskoue water tref die weerwolf reg voor sy bors en voor hulle weet wat aangaan, verander die weerwolf in mensvorm.

Lukas herken sy ouma terwyl Waldo kyk of Spanner die geveg oorleef het. Hy lek vir Waldo net toe Waldo dink hy’s dood.

Mevrou Vosloo verduidelik hoe die watergeweer met yswater en ’n koue, nat handdoek vir Lukas terug in mensvorm help verander het.

Toe hulle na Kamp Volmaan wil vertrek, vra Waldo wie in die bosse was. Hierop antwoord mevrou Vosloo dat dit Waldo se beskermengel was. Net toe kom Linda daar aan.

A. BEGRIPSVRAE

1. Gedurende watter tyd van die dag begin hierdie hoofstuk? Haal ’n sinsnede uit die eerste sin van die hoofstuk aan om jou antwoord te staaf. (bl. 86)
2. *“Hy ... hy het ’n talent wat nuttig kan wees.”* (bl. 87)
   Van watter talent praat mevrou Vosloo?
3. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Korrigeer die stelling indien jou antwoord ONWAAR is.
   Waldo se ma het die twee kinders kommerloos saam met mevrou Vosloo gestuur.
4. Verander die volgende werkwoorde in ’n afgeleide selfstandige naamwoord (persoonsnaam):
   - draf
   - stap
5. Het Spanner die weerwolf se aanval oorleef of nie?

B. LETTERKUNDIGE VRAE

1. Kies die regte antwoord.
   Hoe sal jy die stemming van hierdie hoofstuk beskryf?
   a) romanties
   b) gelukkig
   c) spannend
2. *Toe Waldo se ma die paneelwa se <u>ratelende enjin</u> afskakel, daal daar ’n <u>doodse stilte</u> neer.*
   Voltooi: Die onderstreepte gedeeltes staan in _____ met mekaar.

3. Kies die korrekte antwoord deur die beeldspraak te benoem.
   Hulle moes ’n <u>ewigheid lank wag</u> terwyl sy dit iewers in die huis gaan haal het.
   a) eufemisme
   b) sinekdogee
   c) hiperbool
4. Kies die korrekte antwoord deur die beeldspraak te benoem.
   Dit lyk asof die struike en bome <u>die flits se lig insluk</u>.
   a) personifikasie
   b) metafoor
   c) alliterasie
5. Wat dink jy is die klimaks van die verhaal?

C. TAALKUNDIGE VRAE

1. Kyk na die volgende woorde en voltooi die kolomme:

	Voorvoegsel	**Agtervoegsel**	**Stam**
nuttig	-	tig	nut
onsekerheid			
monsteragtig			

2. *Waldo <u>leun</u> oor en gee vir sy ma ’n stywe druk.*
   Maak ’n sin met die homofoon van <u>leun</u>.
3. Kies die regte antwoord.
   Die onderstreepte woord in *“Sonder die <u>spelende</u> kinders”* is ’n voorbeeld van ’n:
   a) sterk verlede deelwoord
   b) teenwoordige deelwoord
4. Wat is die vergrotende trap van <u>diep</u>?
5. Ons het nou al gelees van katte, honde en wolwe. Watter geluide maak hierdie diere?
   - ’n Kat _____
   - ’n Hond _____
   - ’n Wolf _____

D. VIR DIE PRET

Rangskik die volgorde van gebeure in Hoofstuk 11 chronologies:

A. Brunhilde verdwyn in die bosse en laat die kinders alleen agter.	1.
B. Die laaste bietjie lig verdwyn op die horison.	2.
C. Waldo laai Connie se rolstoel uit die paneelwa.	3.
D. Die maan kom uit.	4.
E. Mevrou Vosloo skiet die weerwolf met yswater.	5.
F. Die weerwolf val vir Lukas en Spanner aan.	6.
G. Die weerwolf kry mensvorm.	7.

HOOFSTUK 12 (BL. 103-111)

Nuwe avonture

WOORDESKAT

Gebruik die volgende woorde in jou eie volsinne**:**

onderonsie	skrefie	diereskuiling
verband	vroeër	flertsies
eie	vreemdste	dawer

OPSOMMING

Dis aand. Waldo is al in sy bed, maar kan nie slaap nie. Hy dink aan al die vreemde dinge wat die afgelope twee dae gebeur het. Sy ma kom loer in, maar hy is nog nie gereed om daaroor te praat nie. Sy verstaan gelukkig.

Vroeër vanaand het hy 'n gedagteflits gehad dat Spoetnik by 'n diereskuiling is. Hulle het sy eienaar laat weet en 'n rukkie later het hy vir Spoetnik daar gekry. Die blonde meisie het vir Rambo by die pizzarestaurant gekry en Kaspaas het sommer self teruggestap na tannie Martie toe.

Moeg wonder Waldo presies wat sy ma wou sê toe sy sê: "Waldo ... jy ... dis presies soos hy ook altyd ..." En mevrou Vosloo oor die beskermengel?

Iets buite die venster trek Spanner se aandag. Waldo maak die venster toe, maar toe hy terugtree, sien hy iets op sy lessenaar wat nie vroeër vanmiddag daar was nie: 'n papiervliegtuigie met 'n boodskap in. "As 'n avontuur jou nie bang maak nie, is dit nie die moeite werd nie. Wees asseblief versigtig, maar geniet die nuwe avonture wat op jou wag," is binne-in in 'n skewerige handskrif geskryf.

Wat beteken die boodskap? Watter avonture wag nog op hom? En toe vou hy die papiertjie weer op, presies op die voulyne van die spierwit papiervliegtuigie.

A. BEGRIPSVRAE

1. Waar het hulle onderskeidelik vir Spoetnik, Rambo en Kaspaas gevind?
2. Wie is Jannes?
3. In watter vorm was die geheimsinnige briefie op Waldo se lessenaar gevou?
4. Kan jy voorspel van wie af die briefie is?
5. Sal jy graag die volgende boek van hierdie reeks wil lees? Motiveer jou antwoord. Wat is die volgende boek se titel?

B. LETTERKUNDIGE VRAE

1. Kies die korrekte antwoord.
   Die volgende is NIE die tema of boodskap van dié verhaal nie:
   a) Verander die dinge wat jy kan, maar aanvaar die dinge wat jy nie kan verander nie.
   b) Die soeke na identiteit
   c) Honde is beter troeteldiere as katte.
   d) Moenie iemand op voorkoms oordeel nie.
2. In watter ruimte/milieu speel hierdie toneel af?
3. Watter karakter dink jy is die antagonis wat die meeste konflik veroorsaak in die verhaal?
4. Wat kan die papiervliegtuigies in die verhaal moontlik simboliseer?
5. Voel jy die illustrasies in die boek is geslaagd? Motiveer jou antwoord.

C. TAALKUNDIGE VRAE

1. Kies die korrekte spelling:
   - vanaand/vannaand
   - vanag/vannag
2. Skryf die volgende sin oor in die toekomende tyd:
   Hy het nader gestap en sy hand daarteen gedruk.
3. Kan jy aan ’n afkorting dink wat gewoonlik saam met diereskuilings gebruik word?
4. Wat is die verskil tussen <u>rondte</u> en <u>ronde</u>? Maak twee sinne om die betekenisverskil aan te dui.
5. Voltooi die vergelyking:
   Die stukkie papier is so lig soos ’n _____.

D. VIR DIE PRET

Skryf ’n resensie (ongeveer 70 woorde, 3 paragrawe).

Skryf ’n resensie oor *Waldo en die weerwolf met die rooi tekkies*.

Jou resensie moet die volgende inligting bevat:

- ’n Opskrif wat lesers se aandag sal trek
- Skryf in die derde persoon (objektief).
- Titel, skrywer, illustreerder, uitgewer, genre, aantal bladsye
- Teikengroep
- Inhoud baie kortliks – maar moenie die einde vertel nie!
- Sal jy die boek aanbeveel vir lesers? Motiveer. Hoeveel sterre uit vyf sal jy dit gee?
- Teken jou gunstelingtoneel onderaan.

KRITERIA: RESENSIE	**/10**
Interessante opskrif	/1
Derde persoon / objektiewe taalgebruik	/2
Titel, skrywer, illustreerder, uitgewer, genre, aantal bladsye	/3
Teikengroep en aanbevelings. Aantal sterre	/2
Spelling en leestekens	/2

***Waldo en die weerwolf met die rooi tekkies* (Jaco Jacobs)**

Studiegids saamgestel deur Heléne de Clercq

MEMORANDUM

MEMORANDUM HOOFSTUK 1

ANTWOORDE: VOORBLAD

1. *Waldo en die weerwolf met die rooi tekkies*
2. Jaco Jacobs. Gaan googleloer gerus meer oor die skrywer by: https://www.jacojacobs.co.za/jacojacobs.co.za/TUIS.html
3. Gwendolene van der Merwe
4. Ja, leerderopinie
5. Pan Macmillan Suid-Afrika

ANTWOORDE: NUWE WOORDE

- **paneelwa** – vervoermiddel/vragmotor/voertuig
- **eensklaps** – meteens/skielik/onverwags
- **loodgieter** – iemand wat spesialiseer in die installering en onderhoud van waterwerke, rioolwerke, dreine en ander pypleiding
- **grinnik** – grynslag/skimplag/giggellaggie
- **pamflet** – strooibiljet / papier waarop iets gewoonlik geadverteer word / kennisgewing

ANTWOORDE: BEGRIP

1. Waldo Loots
2. Sy is in 'n rolstoel.
3. Leerderopinie. Enige drie volsinne wat die paneelwa beskryf, bv.:
   Dis 'n ou pienk roomyskarretjie wat baie rook en rammel. Teen die kant staan Loots Loodgieters – Die Loodgieter met Lipstiffie en is prente van toilette, pype en krane. Die vorige naam skyn nog deur en as jy die toeter druk, begin speel die roomysliedjie.
4. ONWAAR. Waldo se hond se naam is *Spanner*.
5. Chandrelize is Connie se oppasser.

ANTWOORDE: LETTERKUNDE

1. Loodgieters is gewoonlik mans. Mans dra normaalweg nie lipstiffie nie.
2. 1B, 2C, 3A
3. herhaling
4. alliterasie
5. hiperbool

ANTWOORDE: TAAL

1. samestelling
2. a) Die verkleinwoord vir beloning is (beloningetjie/beloonintjie/beloninkie).
   b) Schrikstraat is 'n voorbeeld van 'n (voegwoord / eienaam / abstrakte s.nw.).
   c) 'n Sinoniem vir dalk is (definitief/miskien/iewers).
   d) Verdeel *asseblief* in lettergrepe: (as-se-blief / a-se-blief / asse-blief).
   e) Verdeel *asseblief* in klankgrepe: (as-se-blief / a-se-blief / asse-blief).

3. Benoem die skryftekens:
   a) oë – deelteken
   b) sê – kappie

4. Benoem die leestekens:
   a) Haai Connie**!** – uitroepteken
   b) Uhm ... ek dink ek moet uit die son uit. – ellips
   c) Is als reg? – vraagteken

5. Wat noem ons iemand?
   a) kelner
   b) skoonheidsterapeut

MEMORANDUM HOOFSTUK 2

ANTWOORDE: BEGRIP

1. Spanjoel
2. Bruin krulhare
3. Nee. “Ek was ’n paar weke terug ook hier.” OF “Ek was al twee keer vantevore hier.”
4. WAAR
5. Leerderopinie

ANTWOORDE: LETTERKUNDE

1. Vergelyking
2. Gee een woord vir:
   - In die oggend – soggens
   - In die dag – bedags
3. b) onomatopee/klanknabootsing
4. Dis verskriklik warm.
5. a) alliterasie

ANTWOORDE: TAAL

1. Moersleutel
2. Gee ’n *versamelnaam* vir
   - skroewedraaiers, moersleutels, tange en boorpunte – gereedskap
   - ’n klomp woonstelle bymekaar – woonstelblok
   - ’n klomp hare – bol/koeksel/boskasie/bos
3. Linda sê: “Dit behoort nie lank te vat nie.”
4. Paneelwaentjie
5. Bepaalde hooftelwoord

D. VIR DIE PRET

Teken vir Lukas in die parkie volgens die beskrywing wat hulle op bladsy 18 gee. (8)
Gee een punt vir elk van die volgende:

- *Bankie*
- *Onder koelteboom*
- *Seun op bankie*
- *Sweetpaktop*
- *Sweetpaktop swart ingekleur*
- *Kappie oor sy kop getrek*
- *Groen oë*
- *Grom*

MEMORANDUM HOOFSTUK 3

ANTWOORDE: Lettergrepe en klankgrepe

	LETTERGREPE (HT en EAT)	**KLANKGREPE** (slegs HT)
middag	mid-dag	mi-dag
papiervliegtuigie	pa-pier-vlieg-tui-gie	pa-pier-vlieg-tui-gie
laatmiddagbriesie	laat-mid-dag-brie-sie	laat-mi-dag-brie-sie
konsentrasie	kon-sen-tra-sie	kon-sen-tra-sie
gunstelingplekke *(L.W. een woord!)*	gun-ste-ling-plek-ke	gun-ste-ling-ple-ke
gebarste	ge-bars-te	ge-bars-te
hommeltuig	hom-mel-tuig	ho-mel-tuig
gegraveer	ge-gra-veer	ge-gra-veer
aansteekbord	aan-steek-bord	aan-steek-bord
asseblief	as-se-blief	a-se-blief

ANTWOORDE: BEGRIP

1. Kruwelhof is die woonstelblok waar Waldo, Connie en tannie Martie woon. (eie woorde)
2. ONWAAR. “Connie is mal oor tegnologie.”
3. Waldo se pa het spoorloos verdwyn toe Waldo ’n baba was. Niemand weet waar hy is nie.
4. Leerderopinie. Antwoorde kan moontlik die volgende wees:

	OOREENKOMSTE	**VERSKILLE**
Hommeltuig	• vlieg/sweef • mensgemaak	• modern • werk elektronies • duur
Papiervliegtuig	• vlieg/sweef • mensgemaak	• outyds • werk sonder tegnologie • goedkoop

5. Melktert

ANTWOORDE: LETTERKUNDE

1. Figuurlik (konnotatief). Dis nie fisies ingegraveer soos ’n tatoe nie.
2. Albei het wilde bruin krulhare, blou oë en ’n breë glimlag.
3. zrrr – onomatopee/klanknabootsing
   soos ’n kwaai perdeby – vergelyking
4. “Nie ’n oog toemaak nie,” beteken dat hy nie sal kan slaap van bekommernis nie.
5. Gehoor

ANTWOORDE: TAAL

1. Meervoude:
   - foto’s
   - gunstelingplekke
   - maande
   - kennisgewings
   - vliegtuie

2. Verkleining:
   - papiervliegtuigie
   - papiervliegtuigies
   - muurtjie
   - briesie
   - notapapiertjies

3. *Lydende vorm*: ’n Papiervliegtuigie is deur Waldo gevou.
4. O*ntkennende vorm*: Hulle sien tannie Martie se kat nêrens nie.

MEMORANDUM HOOFSTUK 4

ANTWOORDE: ALFABETIESE VOLGORDE

1. gang
2. gelukkig
3. genoeg
4. geraak
5. geruk
6. gesien

ANTWOORDE: BEGRIP – HANG VAN LEERDERS SE VRAE AF
ANTWOORDE: LETTERKUNDE – HANG VAN LEERDERS SE VRAE AF
ANTWOORDE: TAAL – HANG VAN LEERDERS SE VRAE AF

Klasonderwyser gee weer ’n samevatting van Hoofstuk 4 om seker te maak almal in die klas is op hoogte van die storielyn.

MEMORANDUM HOOFSTUK 5

ANTWOORDE: BEGRIP

1. “Mawagaôsdoeasôsôky?” beteken: Maar wat gaan ons doen as ons hom kry? Dit klink na ’n vreemde taal omdat sy mond vol kos is terwyl hy praat.
2. Rambo, Kaspaas en Spoetnik.
3. Toebroodjies, Milo, flits, warm sweetpaktop.
4. Ja. “Maar as Connie ’n plan in haar kop kry, probeer jy verniet met haar stry.”OF “... niemand of niks sal haar keer nie ...”
5. Leerderopinie

ANTWOORDE: LETTERKUNDE

1. Dit speel op ’n Vrydagaand af bo-op die woonstel se dak. Die foto/video is in die parkie geneem.
2. Ja, “kattemaai” beteken baljaar of jolyt hou. En dit gaan hier oor die katte wat so baljaar.
3. Vergelyking
4. b) sarkasme
5. c) personifikasie

ANTWOORDE: TAAL

1. bleekwit
2. geïnstalleer
3. mees verlate
4. Waldo en Connie het Vrydagaand die nuwe nagkamera deeglik op die woonstel se dak uitgetoets.
5.
    - snoet
    - eeu

MEMORANDUM HOOFSTUK 6

ANTWOORDE: WOORDESKAT

- rat (ratte/ratjies) – meganisme / wiel in enjin
- afvalgoed – oorskietgoed/weggooigoed
- yssplinters – stukke / skerwe wat van ys afbreek
- leiband – band om bv. hond se nek tydens stap
- befoeterd – kwaad/woedend/vies
- vullishok – hok waarin hele blok se vullissakke gegooi word

ANTWOORDE: BEGRIP

1. Connie het heelnag inligting op die internet gesoek oor weerwolwe.
2. Nee, sy wou net vir Waldo haar foto wys en praat oor die vorige aand.

3. Op bladsy 47 staan: “Connie spog gedurig dat haar rolstoel een van die beste modelle op die mark is, en glad nie skrik vir ’n bietjie sand of modder nie.”
4. Die parkie is vol tekkiespore van verskillende drawwers. Hulle gaan nie weet watter die weerwolf s’n is nie.
5. Die stert het ook ’n skaduwee.

ANTWOORDE: LETTERKUNDE

1. Figuurlik (konnotatief)
2. Bigfoot
3. b) eufemisme (versagting)
4. Teleurgesteld om te draai
5. Hy kontrasteer die sonnige dag en ligte gevoel van kommerlose mense in die parkie met hul swaar donker gedagtes, volmaan en weerwolwe.

ANTWOORDE: TAAL

1. Verbindingsklank
   - Haar – voornaamwoord
   - rolstoel – soortnaam
   - dreun – werkwoord
   - ’n – onbepaalde lidwoord
   - swerm – versamelnaamwoord
   - kwaai – byvoeglike naamwoord (attributief)
   - perdebye – soortnaam

2. Akuutteken
3. *Indirekte rede*:
   Linda het vir Connie gevra of sy daardie oggend ’n bietjie laat geslaap het.
4. Sinsoort: bevelsin

MEMORANDUM HOOFSTUK 7- 8

ANTWOORDE: BEGRIP

1. Teken: skille, vuil babadoeke, dooie goudvis, pop sonder kop, boks vol ou tandeborsels, halwe volstruiseierdop, ou verjaarsdagkaartjies, afvalpyp, geroeste krane, ou wassers en groen sak vol hare. (enige 10)
2. Speurder
3. Dis The Hungry Hippo-restaurant se logo.
4. Hy het nie ’n naamplaatjie gehad nie.
5.

	Connie se ma	**Waldo se ma**
Ooreenkoms	Hardwerkend	Hardwerkend
Verskil	Onbetrokke en stel nie juis belang in haar kind se doen en late nie	Baie betrokke en belangstellend in haar kind se doen en late

ANTWOORDE: LETTERKUNDE

1. Dat hy so ’n goeie speurder soos Sherlock Holmes is.
2. b) alliterasie
3. Die woord *ekstra* word herhaal. Dit beklemtoon hoe ekstragoed die restaurant is.
4. Want Waldo behoort beter as die ouma te weet hoe Google werk, maar ten spyte van haar ouderdom, is sy meer op hoogte van moderne tegnologie as Waldo.
5. “... dit gebeur regtig ...”

ANTWOORDE: TAAL

1. Intensiewe vorm:
   - rooi – bloedrooi
   - skerp – vlymskerp
   - bleek – skedelbleek
2. Onderwerp – Spanner
   Voorwerp – sy kop
   Gesegde – draai
3. Tussenwerpsel
4. Ek lig met my flits in die donker.
5. Die dapper soldaat het baie moed.

MEMORANDUM HOOFSTUK 9

ANTWOORDE: WOORDESKAT

	LETTERGREPE (HT en EAT)	**KLANKGREPE** (slegs HT)
buurtannie	buur-tan-nie	buur-ta-nie
opgewonde	op-ge-won-de	op-ge-won-de
truspieëltjie	tru-spie-ël-tjie	tru-spie-ël-tjie
ongeduldig	on-ge-dul-dig	on-ge-dul-dig
teleurgestelde	te-leur-ge-stel-de	te-leur-ge-stel-de
opgevoude	op-ge-vou-de	op-ge-vou-de
tekkies	tek-kies	te-kies
brugaand	brug-aand	brug-aand
webtuiste	web-tuis-te	web-tuis-te
posseëls	pos-se-ëls	pos-se-ëls

ANTWOORDE: BEGRIP

1. Hulle het nie geweet dat Carlo Willemse al sedert kleintyd Lukas se beste vriend is nie.
2. Onnosel / dom / deur die mis
3. Posseëls
4. Dik swart **hare** kom uit Brunhilde Vosloo se **bolip** te voorskyn. Haar **neus** begin buitentoe bult, asof iemand dit soos ’n **ballon** van binne af opblaas. Haar groen oë kry ’n **heldergeel** skynsel. Weerskante van die grys streep in haar **hare** kom

twee spits **ore** te voorskyn. En waar haar **bolip** boontoe krul, glim twee skerp **slagtande.**

5. Connie en Waldo het soos twee sappige hamburgers aan ’n weerwolf se deur gaan klop.

ANTWOORDE: LETTERKUNDE

1. Grom (geluid wat weerwolwe maak)
2. Dit wys wat deur sy gedagtes gaan / wat hy dink op pad na mevrou Vosloo se huis toe.
3. Haar gesig is nog rooier en meer natgesweet as die vorige dag.
4. Verbaas
5. Dit dui pousering aan – asof hy dink daaroor. Dit skep afwagting.

ANTWOORDE: TAAL

1. Twyfel/aarsel
2. moeë
3.
   - ma-hulle: verbinding met *hulle*
   - ja-ja: herhaling
   - Waldo-burger: verbinding met eienaam
4. Terwyl lede van sekere kulture vas, mag hulle niks eet nie. (enige sin wat dit verduidelik)
5. Korrekte spelling:
   - op pad / oppad
   - gunsteling skoene / gunstelingskoene

MEMORANDUM HOOFSTUK 10

ANTWOORDE: WOORDESKAT

KLINKERS/VOKALE	LANG KLANKE	MEDEKLINKERS/KONSONANTE	DIFTONGE/TWEEKLANKE
wolf	doen	verskyn	tuinpaadjie
park	iemand	hommeltuig	waaiers
vir	normaalste	foto	lyk

A. BEGRIPSVRAE

1. Troeteldiere verdwyn / Die drawwer wat ’n hond met rooi tekkies gesien het / Die foto wat hulle met die hommeltuig geneem het / Die klossie hare in die park
2. Sodra Lukas warm gekry het, het hy in ’n weerwolf begin verander. Dan het hy gaan stort om af te koel.
3. Boekhouer
4. Waldo se pa

5. Elke keer as dit volmaan is, gaan die weerwolwe na ’n plaas buite die stad om na hartelus rond te hardloop en uiting te gee aan hul jaginstink sonder om in die moeilikheid te beland.

B. LETTERKUNDIGE VRAE

1. b) bang, maar nuuskierig
2. b) personifikasie
3. Waar
4. b) derdepersoonsvertelling (alomteenwoordig)
5. b) Lukas

C. TAALKUNDIGE VRAE

1. Yskoud
2. Vul die korrekte voorsetsels in: “Elke keer as Lukas begin verander, spring hy *onder* die stort *in* om af te koel.”
3. c) samestellende afleiding (Die meervouds –s aan die einde maak die samestelling ’n afleidende samestelling.)
4. g’n – afkappingsteken (weglating)
   seëls – deelteken
5. Woordsoorte:
   - Waldo – eienaam
   - en – voegwoord
   - Connie – eienaam
   - kyk – hoofwerkwoord
   - vir – voorsetsel
   - mekaar – wederkerige voornaamwoord

MEMORANDUM HOOFSTUK 11

ANTWOORDE: BEGRIP

1. Sonsondergang/vroegaand: “... verdwyn die laaste bietjie lig op die horison.”
2. Hy kan sien wat in die toekoms gaan gebeur.
3. Onwaar
4. drawwer(s); stapper(s)
5. Ja

ANTWOORDE: LETTERKUNDE

1. c) spannend
2. kontras
3. c) hiperbool
4. a) personifikasie
5. Leerderopinie. (Die klimaks kan bv. wees waar Lukas sy eie identiteit vind / waar hulle hom vind / waar die raaisel van weerwolwe opgelos word, ens.)

ANTWOORDE: TAAL

1.

	Voorvoegsel	**Agtervoegsel**	**Stam**
nuttig	-	tig	nut
onsekerheid	on	heid	seker
monsteragtig	-	agtig	monster

2. ’n Ander woord vir ’n leuen is ’n jokstorie. (volsin, betekenis duidelik, spelling korrek)
3. b) teenwoordige deelwoord
4. dieper
5. ’n Kat miaau/spin; ’n Hond blaf/tjank; ’n Wolf huil/tjank

ANTWOORDE: NET VIR DIE PRET

Chronologiese volgorde Hoofstuk 11

A. Brunhilde verdwyn in die bosse en laat die kinders alleen agter.	1. B
B. Die laaste bietjie lig verdwyn op die horison	2. C
C. Waldo laai Connie se rolstoel uit die paneelwa.	3. A
D. Die maan kom uit.	4. D
E. Mevrou Vosloo skiet die weerwolf met yswater.	5. F
F. Die weerwolf val vir Lukas en Spanner aan.	6. E
G. Die weerwolf kry mensvorm.	7. G

MEMORANDUM HOOFSTUK 12

ANTWOORDE: BEGRIP

1. Spoetnik – diereskuiling
   Rambo – Hungry Hippo-pizzarestaurant
   Kaspaas – self terug huis toe gegaan
2. Jannes is die drawwer / Spoetnik se eienaar.
3. Papiervliegtuigie
4. Sy pa.
5. Ja/Nee; leerderopinie; “Waldo en die draak met die groen tong.”

ANTWOORDE: LETTERKUNDE

1. Die volgende is NIE die tema van die verhaal nie:
   c) Honde is beter troeteldiere as katte.
2. Waldo se slaapkamer
3. Lukas
4. Leerderopinie. Moontlik al die avonture / ver reise waarheen die lewe nog vir Waldo gaan neem sonder om neus eerste ondertoe te duik.
5. Leerderopinie

ANTWOORDE: TAAL

1. Korrekte spelling:
   - vanaand/vannaand
   - vanag/vannag
2. Hy sal / gaan nader stap en sy hand daarteen druk.
3. DBV – Dierebeskermingsvereniging
4. Hy redeneer al in die rondte / Ek doen die rondte van vader Cloete.
   Ek teken 'n ronde sirkel. / Een of ander virus doen die ronde.
5. veertjie